Nuus vanuit Saudi Arabië – Jeddah

Hallo Oom Jannie

Net om hallo te sê. Het ‘n ondervinding gehad in Jeddah wat ek wil deel, want julle daar is ook in die eerste linie van valse profete aanval.

Het die 10de Jeddah toe gegaan om geld oor te betaal RSA toe. Die moslem drywer het die middag gestop om te gaan bid en ek het ook toe begin bid. ‘n Gebed om God Almagtig groot te maak en om dankie te sê, dat ons as Christene, sonder rituele en op sekere tye kan bid. Het God, die Vader, geloof vir sy verlossing wat Hy gebring het deur Jesus Christus. Waarop dit neerkom terwyl ek bid kon die dreunsanger nie sing nie. Hy het seker tien keer probeer om te sing, maar kon nie, en het na die laaste probeerslag maar voort gegaan om te praat oor die luidspreker. Nog het ek gebid, dat dit wat hy sê in arabies, so sal wees dat die wat binne bid die Here sal vind.

Daarom wil ek pleit, dat wanneer die persoon begin sing, julle eerder hardop of stil gebed vir die siele in die moskee sal bid totdat hy klaar gesing het. Daarna kan julle weer voort gaan met die samekoms, want alles wat ons is en doen moet God VERHEERLIK. Vernaam in die eerste linie.

Groete as lid van God se familie in die boendoes

Riaan